UNIVERSITEIT•STELLENBOSCH•UNIVERSITY

KAMPUSNUUS

MAANDELIKSE PERSONEELBLAD JAAR 18 # 2 • 29–3–2010 • YEAR 18 # 2 MONTHLY STAFF NEWSLETTER

# *Vrou laat miljoene na vir beurse*



Die Universiteit het uit 'n onverwagse oord 'n stewige hupstoot gekry – R1,7 miljoen in kontant asook aandele wat in Januarie vanjaar R18 miljoen werd was, uit die boedel van me Anna Maria (Marietjie) Kuchler (foto) wat in Junie verlede jaar op 92 oorlede is.

Sy wou hê haar nalatenskap moet tot voordeel wees van 'n instansie waar dit 'n daadwerklike behoefte aanspreek. In haar testament is bepaal dat die Universiteit dié bemaking moet gebruik om 'n beurs te skep tot voordeel van Afrikaanssprekende studente wat by skole in die Stellenbosch-omgewing gematrikuleer het.

Me Kutchler het nie hier gestudeer nie, maar 'n verbintenis met die Universiteit gehad deur haar jarelange vriendskap met me Liza van Staden, dogter van 'n oudraadslid van die US, mnr AP du Preez. Me Van Staden se man, Niel, het me Kuchler oor haar boedel en beleggings geadviseer – en haar vertel van die groot behoefte vir beurse vir matrikulante in die Stellenbosch-omgewing.

Ná die Tweede Wêreldoorlog was werk in Europa skaars en me Kuchler het in 1954 uit Nederland as immigrant Suid-Afrika toe gekom. 'n Vriend wat saamgekom het, mnr Antonie (Toon) Blijenberg, is vyf jaar na hul aankoms oorlede.

Me Kuchler het ongetroud gebly, in Seepunt gewoon en as algemene kantoorbestuurder gewerk tot haar aftrede sowat 30 jaar gelede. As sakevrou het sy graag in aandele belê en so 'n aansienlike portefeulje opgebou.

Die Universiteit is baie dankbaar vir dié groot bemaking, sê prof Russel Botman, Rektor en Visie-Kanselier. "Dit is visionêre mense soos me Kuchler wat hierdie instansie die geleentheid bied om uit te reik na belowende matrikulante. Die bemaking is 'n geskenk vir 'n volgende generasie."

■ Lees ook berig *Gilde vir erflaters bekend gestel* op bladsy 2.

# Contributing to human development in Africa

**By strengthening their community interaction, universities can improve their contribution to sustainable human development in Africa.**

This was the message of Prof Russel Botman, Rector and Vice-Chancellor, at a conference of the Talloires Network, an international association of socially engaged tertiary institutions in Bellagio, Italy, during March.

"Higher education institutions do not exist in isolation from society. Community engagement benefits both the university and the community, and promotes a shared goal – that of sustainable human development," Prof Botman told delegates.

He had been invited to make a presentation on social responsibility in higher education in Africa following his election as one of three vice-presidents of the African Association of Universities in May last year.

At Stellenbosch community interaction, alongside teaching and research, is considered a core function of the university (SU), he said. "It provides the means whereby both the university and the community can actively discover knowledge and learn from each other."

SU is considered a leader in the field of civic engagement. Prof Julian Smith, Vice-Rector: Community Interaction and Personnel, played a key role in the establishment of a new representative structure, the South African Higher Education Community Engagement Forum, late last year. Dr Jerome Slamat, Senior Director of Community Interaction, holds the forum's chair for 2010-2011.

> *"Our vision for Africa is a future free from poverty, where the human dignity of all people is protected..."*
>
> *– Prof Russel Botman*

"Community interaction is far more that a peripheral activity. It is a key driver in the academic project," the rector said in Italy – explaining that civic engagement helps students become more socially responsive and academics more focussed on improving the human condition. On the other side of the partnership, it helps provide communities with a voice and promotes a spirit of reciprocity.

"Our vision for Africa is a future free from poverty, where the human dignity of all people is protected, where our social and ecological systems are healthy, and where peace, security and democracy are safeguarded," Prof Botman said.

"Community interaction makes it possible to view the university not in terms of a well-oiled machine, but as an engaged institution that fosters hope." – Desmond Thompson

See the full text of Prof Botman's presentation at www.sun.ac.za/university/Management/rektor/speeches.html.

Visit www.sun.ac.za/ci for more on community interaction at SU, and www.tufts.edu/talloiresnetwork for more on the Talloires Network.

## *Extravaganza in the Endler Hall*

Ten concert pianists who performed a multiple piano rendition of Tschaikovsky's 1812 Overture on ten grand pianos in the Endler Hall – as part of the third Stellenbosch International Piano Symposium of the Department of Music. The pianists are Francois du Toit, Franklyn Larey, Lori Sims, Nina Schumann, Bennie van Eeden, Luis Magalhaes, Simone Kirsch, Liezl-Maret Jacobs, Wessel van Wyk and Albie van Schalkwyk. See story on page 7.



Hennie Rudman

# Universiteit Stellenbosch 'bou oral hoop'

"Stellenbosch het 'n magdom van hoop-skeppende aktiwiteite en projekte. Die doelgerigte verandering van mense se lewens is nie net beperk tot die twintigtal projekte wat intern bekendstaan as die OSP-projekte nie. Feitlik al ons navorsingsprojekte kan ingedeel word onder die vyf geselekteerde ontwikkelingstemas, sowel as die kernaktiwiteite van ons steundiens-omgewings."

So het prof Russel Botman, Rektor en Visekanselier, tydens die inligtingsessies by verskillende omgewings benadruk dat die hele Universiteit besig is om gestalte te gee aan 'n pedagogie van hoop.

"Ons universiteit lei professionele mense op om die tekort aan kundigheid in die land aan te vul. Waar studente nie voldoen aan die toelatingsvereistes vir die wetenskap- en wiskunde-studierigtings nie, kan SchiMathus deure vir hulle oopmaak mits hulle bereid is om hard te werk. Ons lei weermagoffisiere op wat bydra tot demokrasie, vrede en veiligheid, en deur die African Institute for Mathematical Sciences (AIMS) help ons kapasiteitsbou in opvoeding, navorsing en tegnologie in Afrika."

Vanweë 'n druk program kon prof Botman nog nie al die fakulteite besoek nie en sal van die sessies later in Maart en vroeg in April plaasvind. Al die sessies geskied oor die etensuur.

In sy aanbiedings het prof Botman voorbeelde genoem van hoe die kernfunksies van 'n fakulteit – onderrig en leer; navorsing; en gemeenskapsinteraksie – aansluit by die vyf ontwikkelingstemas wat die Universiteit in sy Oorhoofse Strategiese Plan (OSP) as rigtingwysers aanvaar het:

- Die uitwissing van armoede en verwante toestande;
- Die bevordering van menswaardigheid en gesondheid;
- Die bevordering van demokrasie en menseregte;
- Die bevordering van vrede en veiligheid; en
- Die bevordering van 'n volhoubare omgewing en kompeterende nywerheid.

As 'n voorloper tot die eksterne bekendstelling van die OSP-veldtog aan die einde van Julie vanjaar, het prof Botman die dekane versoek om op 14 April vir die personeel en studente van hul fakulteite 'n aanbieding te maak om te illustreer hoe die fakulteit se werksaamhede inskakel by die Oorhoofse Strategiese Plan en die ontwikkelingstemas.

Op die Web / On the Web: http://www.sun.ac.za/kampusnuus




**MENSE** *Konferensie kom vereer wêreldleier* 3




**FOOTBALL** *Creating a lasting 2010 legacy* 4



**NEWS** *Human rights mainstreaming, capacity building* 5



**NUUS** *Narga kry nog 'n elektroniese klaskamer* 6



**NUUS** *Program in geletterdheid kry erkenning* 8

## VAN DIE REDAKTEUR SE LESSENAAR / FROM THE EDITOR'S DESK



Tienduisende mense voltooi jaarliks die Argus-fietswedren. Maar om dit darem te doen met 'n fiets wat jy met jou arms aandryf!

Die fotoberiggie hieroor is op die agterblad. Ook dáár is 'n fotoberig oor Matie Gemeenskapsdiens se merkwaardige werk om geletterdheid onder volwassenes te bevorder.

As ek net dink hoe sleg 'n mens se kinders jou kan laat voel omdat jy nie laat in die twintigste eeu en binne-in die elektroniese era grootgeword het nie, weet ek nie hoe vrééslik dit moet wees om as grootmens te leef sonder om te kan lees nie.

En dis tragies as jong mense nooit 'n boek in hul hande kan hou nie, het minister Naledi Pandor tydens een van haar twee besoeke onlangs op kampus opgemerk. Sy was onder meer 'n spreker by die deurlugtige wêreldkonferensie van biblioteek- en inligtingkundiges – een van verskeie belangrike konferensies waaroor in Kampusnuus berig word.

Ons rektor het nie net by van dié byeenkomste opgetree nie, maar ook in Italië by 'n konferensie van sosiaal-betrokke instansies waar sy boodskap onder meer gegaan het oor hoe universiteite tot volhoubare ontwikkeling vir Afrika se mense kan bydra.

Sy boodskap was ook daaroor dat 'n instansie wat by mense betrokke is, hoop kan aanwakker. In die inligtingsessies wat hy nou by verskillende omgewings vir almal by die US aanbied, benadruk hy ook dat die hele Universiteit aan 'n pedagogie van hoop gestalte gee.

Lees hier onder hoe die Bestuurskool in Bellville kniediep betrokke is om te help voorsien in die byna onversadigbare honger na opleiding en kwalifikasies op ons eie vasteland. Teen die algemene opvatting in, het die vasteland "baie wyshied" wat ontgin en versprei moet word.

Hier onder is ook 'n berig oor die stigting van die Erflatergilde, vir mense wat skriftelik bevestig dat hulle erflatings van een of ander aard aan die Universiteit nalaat. Dít sluit aan by 'n voorbladberig oor iemand wat nie hier gestudeer het of bande met die US gehad het nie, maar uit wie se boedel die Universiteit baie miljoene kon erf vir studiebeurse.

Lees in dié uitgawe ook van die eenheid wat by Politieke Wetenskap gestig is vir menseregte-kwessies. 'n Internasionale konferensie oor koeltorings en lugverkoelde warmte-oordraers is in Stellenbosch gehou om 'n wêreldleier wat vier dekades al hier werk, te huldig.

'n Gesoute akademikus op besoek uit Skotland bepleit "permanente rewolusie" vir universiteite om lewenskragtig te bly. En 'n hele bladsy oor ons Wêreldbeker-betrokkenheid.

Hans

**KAMPUSKLETS OPPIE ROOIPLEIN!**



### Contrary to general world opinion,

# THERE IS MUCH WISDOM ON OUR CONTINENT

### We need to tap into those pockets of wisdom and spread it abroad

USB Executive Development Ltd (USB-ED), the executive education arm of the University of Stellenbosch Business School, received the Diamond Arrow Award last month – for jointly achieving the highest rated score of 4.18 out of a possible 5.00 in the PMR.africa annual survey of executive education providers in South Africa. The annual national survey assesses academic institutions that offer executive education (short courses) in South Africa – to celebrate excellence and set a benchmark for others to aspire to. Institutions were rated across a range of ten attributes, including, among others, the application of knowledge in the workplace, leadership skills/abilities, strategic benefits for the company and value of the course to the organisation. The award was handed to Frik Landman, CEO of USB-ED, at an award ceremony in Johannesburg. *Professional Management Review* (*PMR*) interviewed Landman (photo) for an article, "Academic rigour with applied value" – published in its March issue. Here is an extract from this article:

"Firmly entrenched in the realities of Africa, but with a keen eye trained on global trends and developments, USB Executive Development (USB-ED), the public executive development and training company of the University of Stellenbosch Business School (USB), has created an executive development model which is resonating throughout Africa among those hungry for learning with relevance.

"The USB-ED has positioned itself not as a pure western European business school," emphasises CEO, Frik Landman. "We take cognisance of the education lag in Africa and the desperate need for qualifications and education – but also the general lack of criteria to enter programmes. So we have devised innovative ways of enabling those who really want to learn to access programmes without lowering standards, providing them with the knowledge and skills they need to become productive citizens of their country in their chosen fields."

The USB-ED rests on four practice pillars. "The first embraces the conventional open enrolment courses open to the general public," Landman explains. "The second option enables companies to take those programmes and present them in-house to their own personnel. The third practice offers a customised solution to a company. Essentially, we start with a clean slate, open ears and open mind and customise solutions that slot neatly into the strategic objectives of the company. The fourth dimension is known as enterprise renewal. This entails not just customisation for specific educational needs but extends also to structural and strategic aspects and could lead to the complete restructuring of the organisation."

This unique and holistic approach provides what Landman describes as "an elite product experience – a bit of a paradox really, since USB-ED is far from being an elitist organisation! But it certainly projects what we stand for, the understanding that, when you join us, we will enhance your ability to be greater than yourself."

The demographic and gender composition of the [USB-ED] classes clearly demonstrate the relevance of – and need for – the courses. "There are increasing numbers of black and female students who are benefiting from our innovations. We have created the role of a learning process facilitator to ensure that learning obtained can be applied practically in the workplace," Landman continues.

"About three years ago, we moved away from providing just content. We live in the information age and content is freely available, but that is just the ticket to the stadium, it's not the game. The game is the learning process itself. So we started focusing on that process and on devising ways to apply the knowledge gained."

Already entrenched in Namibia, Botswana, Nigeria, Ghana and Kenya, USB-ED is helping meet the almost insatiable hunger for learning and qualifications on the African continent. "Contrary to general world opinion, there is much wisdom on our continent. We need to tap into those pockets of wisdom and spread it abroad," says Landman."

*Kampusnuus wil graag 'n platform skep vir gesprekvoering op die kampus. Menings in artikels, briewe en Kampusklets oppie Rooiplein! is dié van die betrokke indiwidu en nie noodwendig die standpunt van die Kampusnuus-redaksie of die Universiteit Stellenbosch nie.*

**BRIEWE**

## E-POS AAN KAMPUSNUUS@SUN.AC.ZA

### Kry sokkerkkoors

Wonderlik om te sien en te ervaar dat die Universiteit nou se dae meer aandag aan sokker op kampus gee. Dit is veral verblydend in die lig daarvan dat die grootste sportgebeurtenis nog in die geskiedenis van Suid-Afrika, die Wêreldbeker Sokkertoernooi, oor minder as 90 dae hier begin.

Ons het gelees en gesien hoe die Bulls uit Pretoria Australasië toe vertrek geklee in hulle Bafana Bafana-sokkerhempies (selfs Bakkies het goed gelyk!). Nou is dit ook tyd dat die Stormers en almal op die Matie-kampus dieselfde doen!

En onthou die beroep wat op ons as personeel gedoen is om sulke hempies voortaan elke Vrydag te dra. Kom ons help en steun Bafana Bafana op dié wyse om miskien, wie weet, die spreekwoordelike haas uit die hoed te trek tydens die toernooi.

*– Rondebôl-ondersteuner*

### Wenbrief kan 'n boek werd wees




*Kampusnuus* gee weer 'n boek aan die gelukkige leser wat die beste brief instuur. In ons volgende uitgawe sal ons aankondig wie hierdie maand se wenbrief ingestuur het en 'n gratis eksemplaar van *Wetenskaplike Skryfvaardighede: Riglyne vir die skryf van tesisse en proefskrifte* deur Amanda Lourens gewen het. Die boek word verskaf deur die Stellenbosse kampusuitgewer SUN MeDIA en die nuwe kampusboekwinkel MY MeDIA. Stuur jou brief teen 12 April aan kampusnuus@sun.ac.za of per faks aan 021 808 3800 of lewer dit af by *Kampusnuus*, Admin B-gebou. Vir meer oor dié wenboek, en ander titels deur SUN MeDIA besoek www.sun.sun-e-shop.co.za.

Send your letter to the Editor: *Kampusnuus* at kampusnuus@sun.ac.za or fax to 021 808 3800 or deliver to Admin B building not later than 12 April 2010. You may use a pseudonym, provided that your name and physical/e-mail address (not for publication) is supplied to the editor.

## Gilde vir erflaters bekend gestel

Nagenoeg 300 donateurs, alumni, personeel en vriende van die Universiteit was einde verlede jaar by 'n glansgeleentheid by die Lord Charles Hotel in Somerset-Wes toe die US se Erflatersgilde formeel bekendgestel is.

Die geleentheid is ook aangebied om elkeen wat 'n erflating aan die Universiteit bevestig het, te bedank.

Prof Russel Botman, Rektor en Visekanselier, het as geeeltheidspreker gesê die gilde is 'n vereniging van "spesiale individue wat in hul leeftyd aan ons bevestig het dat die Universiteit 'n belangrike plek in hul nalatenskap beklee. Dit is inderdaad 'n toekomsgerigte, doelbewuste aksie wat vir die Universiteit baie beteken – en waarvoor ons elke lid hartlik wil bedank vir die vertroue wat hulle in ons toekoms gestel het."

Mnr Hugo Steyn, Koördineerder: Erflatings in die Afdeling Ontwikkeling en Alumni-verhoudings, sê die opkoms was besonder goed en hy waardeer dit dat talle gildelede en oudstudente by die glansgeleentheid was.

Gildelidmaatskap gee nie net erkenning aan donateurs wat die Universiteit vereer met bemakings in hul testamente nie, sê hy, "maar bied ook vir die US 'n geleentheid om dié spesiale groep donateurs ingelig te hou oor gebeure by die Universiteit – en eerstehands te wys hoe hul beloofde erflatings 'n verskil aan mense se lewens sal maak."

Lidmaatskap is oop vir almal wat skriftelik bevestig dat hulle erflatings van een of ander aard aan die Universiteit nalaat.

- Kry meer inligting by Hugo Steyn, by hugos@sun.ac.za of 021 808 3615 of besoek www.sun.ac.za/stigting

*Knowing is not enough in the Knowledge Economy*

# A gala week of library events

**The 2010 Symposium and IFLA Presidential Meeting – presented by the Stellenbosch University Library and Information Service – yielded proud highlights for the library, the university and the greater South African library and information services community. LUCIA SCHOOMBEE, co-ordinator of the symposium organising committee, reports...**



Prof Botman, Ms Pandor and Ms Tise.

The convergence of the SU Library's eleventh annual symposium with the presidential meeting of IFLA (International Federation of Library Associations and Institutions) attracted much international interest and immersed the library into the global centre of professional discourse.

The 193 professional librarians who participated, represented 21 countries – including nine from Africa and four of the five Nordic countries: Finland, Sweden, Denmark and Norway.

The assembly of IFLA standing committee meetings, such as those on Africa and on the management of library associations, as well as a workshop around the symposium, contributed to keen interest in the event – giving rise to a gala week of library events in Stellenbosch.

Presenting with global relevance a topic that invited both philosophical debate, fundamental grounding and practical insight also proved highly successful, evoking challenging input from speakers and delegates. Altogether 85 % of the delegates rated the symposium theme and presentations as "excellent".

Speakers included the Minister of Science and Technology, Ms Naledi Pandor, SU's Rector and Vice-Chancellor, Prof Russel Botman, and IFLA's president, Ms Ellen Tise – who is Senior Director of the SU Library and Information Service.

In his welcoming address, Botman stressed that "SU is known for its academic excellence, but the important question is what we are doing with all of the knowledge?". He praised libraries' survival in the Knowledge Economy. Libraries are expert places to process and convey information – more more so than search engines – he said.

In her keynote address, Pandor said "I do think knowing is not enough and that it is important to harvest the potential of digital knowledge in Africa and South Africa". It's tragic, she said, if young people have never held books in their hands. "I look to librarians to see that book knowledge thrives alongside digital knowledge".

Tise's keynote address covered a range of aspects about the IFLA presidential theme, Libraries driving access to knowledge. She emphasised the role of knowledge as a catalyst for both development and poverty reduction, and the need for open systems – both access and source – to revitalise and grow African scholarship which has suffered from the high costs and barriers of accessing journals and resources.

Pandor's participation in the symposium provided the opportunity to honour her with a special gift from SU – a numbered, limited edition print of the map *Africae Tabula Nova* by Abraham Ortelius, dated 1570, the oldest item in the Hugh Solomon map collection of the Africana section of the SU Library and Information Service. Prof Arnold van Zyl, the Vice-Rector: Research, presented it to her.



Mnr Hanno Reuter en prof Detlv Kröger.

# *Konferensie kom vereer Stellenbosse wêreldleier*

Daar was nie musiek op die program nie, maar die lesings in die Konservatorium was musiek in die kenners se ore tydens 'n internasionale konferensie oor koeltorings en lugverkoelde warmte-oordraers.

Die veertiende IAHR *Cooling Tower and Air-cooled Heat Exchanger Conference* is in Stellenbosch gehou om prof Detlev Kröger vir sy uitsonderlike bydrae te huldig. Hy is al meer as 40 jaar by die Fakulteit Ingenieurswese betrokke en is 'n wêreldleier op dié gebied.

Sowat 70 kundiges van navorsingsinstellings en maatskappye van oor die wêreld was hier en bykans 40 referate is gelewer.

"Ons studente se puik aanbiedings het getoon dat die gehalte van ons navorsing in dié veld uiters hoog is," sê konferensievoorsitter Hanno Reuter van die Departement Meganiese en Megatroniese Ingenieurswese.

Die konferensiegangers was dit eens dat dit die bes gereëlde konferensie nóg soos dié was, sê Reuter – wat sy dank uitgespreek het teenoor Sasol, Eskom, Aerotherm, IWC, GEA en Qfinsoft, die borge wat die konferensie moontlik gemaak het.

Op sosiale gebied was daar ook hoogtepunte, vertel Reuter. "By die Konferensiedinee by Spier het ons konferensiegangers lekker saam met die Me Wêreld-finaliste gedans – wat vir almal 'n hoogtepunt was!"

Enkele afgevaardigdes het ná die konferensie die Matimba- en Medupi-kragsentrales in Limpopo besoek. Matimba is die grootste droogverkoelde kragsentrale ter wêreld, maar as Medupi voltooi is, neem dit dié status oor.

# Universiteite het 'permanente rewolusie' nodig

**Universiteite moet in "permanente rewolusie" verkeer om lewenskragtig te kan bly, sê prof sir Duncan Rice (foto), prinsipaal en visekanselier van die Universiteit van Aberdeen.**



Hy en lede van sy bestuurspan het die Universiteit Stellenbosch (US) besoek om inligting oor vooruitgangsinisiatiewe en fondsinsameling uit te ruil.

"Universiteite is van die oudste instellings, en oorleef juis omdat hulle voortdurend met selfvernuwing besig is. Hulle pas by die samelewing aan," het Rice aan *Kampusnuus* gesê.

Onder sy leiding het Aberdeen die afgelope dekade in statuur gegroei – van 'n "relatiewe klein streeksinstelling" tot "een van die bestes wêreldwyd". Dié universiteit is 129ste op die jongste Times Higher Education QS-ranglys. Bykans £150 miljoen (sowat R1,8 miljard) is ingesamel as deel van die universiteit – gstig in 1495 – se Sixth Century Campaign.

Rice noem homself 'n "ingenieur van universiteite". Hy was voorheen 28 jaar lank by universiteite, onder meer Harvard en Yale. "Ek vind institusionele verandering boeiend. Ek probeer organisasies beïnvloed en verandering bewerkstellig."

By Aberdeen was sy benadering om op dié universiteit se sterk punte klem te lê. "Eerder as om net nog 'n Britse universiteit te wees, het ons gevra wat ons uniek maak. Olie en gas is belangrik in ons streek. Ons kundigheid hieroor kon van ons 'n wêreldleier maak."

In mediese navorsing is daar toegespits op siektes wat veral in dié deel van Skotland voorkom – sekere maagkankers en diabetes. "Só het ons meer mededingend geraak."

Met sy terugkeer Aberdeen toe ná 'n tyd in die VSA het Rice besef fondsinsameling is dringend nodig. "Universiteite staan in diens van maatskaplike doelwitte, maar die staat het toenemend nie genoeg geld vir ons nie. 'n Kwarteeu gelede het 80% van ons geld van die staat af gekom; nou is dit net 38%.

"Boonop het die totstandkoming van die welsynstaat in Brittanje ná die Tweede Wêreldoorlog die tradisie van filantropie laat kwyn. Rykes het gewoon nie meer gedwonge gevoel om geld vir 'n goeie saak te skenk nie. Dít begin darem nou verbeter namate die marginale belastingkoers afneem."

Rice sê hy vind die aanslag van die US se selfvernuwingsprojek – die Oorhoofse Strategiese Plan, wat die universiteit meer relevant wil maak en sodoende hoop wil skep – indrukwekkend.

"Ons het gesê Aberdeen is 'n goeie universiteit, dus kan ons aan bepaalde behoeftes voldoen. Stellenbosch se benadering is die omgekeerde. Jul vertrekpunt is: daar is nood – en dan toon julle aan hoe julle kan help om van die wêreld 'n beter plek te maak. Dis baie oortuigend."

"Akademici is juis in dié beroep om van die wêreld 'n beter plek te maak," sê Rice. "As 'n instelling se fondsinsamelingsboodskap dieselfde punt beklemtoon, kry jy 'n gemeenskaplikheid wat die spanning tussen die akademie en die administrasie oplos."

Professionele geldinsamelaars is nodig, meen hy – "maar jy het ook amateurs nodig. 'n Universiteit se beste verkoopslui is sy akademici. 'n Mens raak meegevoer deur 'n begeesterde intellektueel wat vir jou van haar navorsing vertel. Dis dán wanneer 'n skenker daai tjekboek maklik uithaal."

Rice tree vanjaar af, maar sê dit beteken nie hy hou op werk nie. "Ek sal op een of ander manier by die universiteit betrokke bly. Wie weet, miskien kom bly ek nog in Suid-Afrika. Dis 'n baie dinamiese plek."

– DESMOND THOMPSON

# *Landsburgers verdien beter lewe, sê rektor*

Die uitdaging vir leiers in openbare poste is om aan mense te gee wat hulle verdien – 'n beter lewe – het prof Russel Botman, Rektor en Visekanselier, by vanjaar se Wynlandkonferensie oor Openbare en Ontwikkelingsbestuur gesê.

Vanjaar se konferensietema was openbare leierskap as bron van toegevoegde waarde vir burgers. Die konferensie is 'n vennootskapsprojek van die Skool vir Openbare Bestuur en Beplanning en die Nederlandse ambassade.

Volgens die rektor word die oënskynlik onmoontlike haalbaar as gewone mense saamstaan vir 'n gemeenskaplike saak. "Wanneer die massa die toon aangee, word die leiers in werklikheid die navolgers. Al wat hulle hoef te doen, is om die mandaat wat die mense hulle gee, uit te voer. Indien hulle versuim om dit te doen, verbreek hulle die maatskaplike kontrak wat die instelling van demokrasie onderstut."

Daar is nog baie te doen om SA burgers oor burgerskap – veral verantwoordelike burgerskap – op te lei, meen Botman.

Hy het ook verwys na die konteks

> *"Wanneer die massa die toon aangee, word die leiers in werklikheid die navolgers"*

waarin openbare leierskap ontvou – met die klem op wêreldwye probleme soos massiewe armoede en wydverspreide ongelykheid; die onlangse wêreldwye finansiële krisis wat swak bestuurspraktyke en selfsugtige, gewetenlose besluite deur ambisieuse sakeleiers aan die kaak gestel het; politieke en militêre konflik; en aardverwarming.

Suid-Afrika is nie immuun teen dié probleme nie en het ook sy eie, sê die rektor – en veral verwys na sogenaamde tenderpreneurs, wat hul bande met die regerende party vir winsgewende staatskontrakte misbruik; mense in die regering en staatsdiens wat reusesalarisse kry sonder om hul werk behoorlik te doen; korrupte staatsamptenare wat hulleself uit die staatskas help; amptenare wat toelaat dat openbare dienste – soos gesondheidsgeriewe, die padnetwerk en munisipale watersuiwerings- en rioolaanlegte – feitlik onherstelbaar agteruitgaan; en wetstoepassingsagentskappe wat oënskynlik nie die onaanvaarbaar hoë misdaadkoers in bedwang kan hou nie.

Dié in leiersposte "blyk te kort te skiet wat betref die nodige etiese besinning, om nie van die nodige klimaat vir etiese besluitneming in organisasies te praat nie," sê Botman. "Ons beleef ook 'n krisistyd waarteen hierdie skone provinsie, die Wes-Kaap, nie bestand is nie. Leierskapstryde, partysug en verdelings lê dienslewering lam, wat op sy beurt impliseer dat enorme nalatenskappe uit die apartheidstyd nooit reggestel word nie."

Hy en sy personeel by die US "is besig met 'n proses om beduidend anders en beduidend beter te word – anders as ons verlede, en beter daartoe in staat om in die behoeftes van ons land en vasteland se mense te voorsien," sê die rektor.

"Ons noem dit ons pedagogie van hoop, wat op wetenskapsbeoefening vir die samelewing toegespits is. Deur ons aansienlike kundigheid en bewese akademiese uitnemendheid met die internasionale ontwikkelingsagenda te versoen, wil ons ons relevansie in die samelewing verhoog."

Nederland se ambassadeur, Rob de Vos, en die Wes-Kaapse polisiekommissaris, Mzwandile Petros, het ook by die konferensie opgetree.




Prof Botman (middel) by die Nederlandse ambassadeur, sy eksellensie mnr Rob de Vos, en die konferensie se hooforganiseerder, prof Erwin Schwella van die Skool vir Openbare Bestuur en Beplanning.

# Grootste sokkerwedstryd nóg

Suid-Afrika se grootste sokkerwedstryd nóg is as deel van die US se Steun 2010-veldtog op die kampus gehou – op 3 Maart, met 500 spelers, 250 aan 'n kant.

Die reusewedstryd het die opwinding oor die FIFA Wêreldbeker 2010 gekombineer met sogenaamde skareskertsery ("flash mob events") wat uiters gewild geword het – as 'n groot groep mense plotseling op 'n openbare plek bymekaarkom, vinnig iets ongewoon en meestal sinneloos doen en weer net so skielik uiteengaan.

Vir dié geleentheid is die Neelsie-parkeergebied in 'n massiewe straatsokkerveld omskep.

Instrukteurs van die US se Sportprestasie-instituut (SUSPI) het 'n massa-uitvoering van die Diski-dans by die geleentheid gekoördineer en daar was vier skareskerts-oomblikke – toe almal gevra is om botstil te staan tot die skeidsregter se fluitjie weer die spel voortgesit het.

Die Kantoor vir Institusionele MIV-koördinering se jaarlikse optog, "March in March", het by die Flash Mob-geleentheid geëindig en elke Flash Mob-deelnemer het 'n MIV-lint gedra.




## Voetbal-vrydag!

Kom ons maak hier op die US-kampus ook soos Suid-Afrikaners nou almal behoort te maak – wees deel van die Fifa Wêreldbeker.

***Wat doen ék op Voetbalvrydae?***
Dra Vrydae 'n sokkerhemp – elke Vrydag van nou af tot die Wêreldbeker se afskop op 11 Junie 2010.

***Sorg dat jy pret belééf:***
Dra Vrydae 'n sokkerhemp. Sê elkeen hier op die US-kampus moet een dra, sê jou pêlle moet een dra, sê jou kinders moet dit dra. Kinders, sê Pa en Ma moet dit dra. Sorg dat jou hond een het om te dra. Stel belang. Raak opgewonde. Prááť – oor dié span wie se hemp jy dra. Oor jou gunsteling spelers. Oor sokker… Want dis alles oor sokker. Oor deelwees van één span: Suid-Afrika s'n.

*Stuur jou foto's* footballfridays@stellenbosch2010 *toe en kyk hoe lyk hulle op ons eie US-webgalery.*



## *Koshuis bou leierskap*

Helshoogte het die Kuyasa Futsal-projek in Kayamandi met 'n sokkerdag begin. Kuyasa, wat "dagbreek" beteken, is 'n leersentrum vir kinders. Die Kaapse Wynland Distriksmunisipaliteit se borgskap van die byeenkoms het die studente in staat gestel om 500 T-hemde, 500 kospakkies en 50 vuvuzelas onder die geesdriftige kinders uit te deel.

# Creating a lasting 2010 legacy

Construction of Stellenbosch University's (SU) eagerly anticipated football centre at Lentelus, north of the main campus, officially kicked off with a sod turning ceremony on 5 March.

The state-of-the-art facility will consist of five multi-surface pitches, including grass, artificial turf, sand (for beach soccer) and Futsal courts (five-a-side football). The first phase – scheduled for completion before the World Cup kicks off – will include the full size artificial pitch and Futsal courts. Additional features, including a grandstand, will follow in subsequent phases.

It is hoped that the World Cup will enhance this key strategic initiative – with far-reaching benefit for the local community for years to come.

Already known for its achievements in sport codes such as rugby and hockey, Stellenbosch University now also focuses firmly on football – to reach out to the wider Stellenbosch community – says Prof Julian Smith, Vice-Rector: Community Interaction and Personnel, and main coordinator of the University's Support 2010 Campaign.

Prof Russel Botman, Rector and Vice-Chancellor, says the University is committed to putting its science and knowledge behind society, and this sports programme is a very important part of it.

Mr Greg Fredericks of the Soccer World Cup's Local Organising Committee (LOC) 2010 Legacy Project, says the University should be congratulated for this "bold step" – one that is fully supported by the LOC.

The centre will serve as a base for the University's Youth Sports Initiative – a project to create a lasting legacy for the lives of disadvantaged youth in the greater Stellenbosch area. The project is aimed at developing young talent, especially girls, and also children with disabilities, through football.

The university's Sport Performance Institute (SUSPI) and a German social responsibility organisation, Stars of Tomorrow, run an after school football programme, providing academic and life skills training.

Watch a short video of the sod turning ceremony at http://www.youtube.com/watch?v=n7qRmI4DIQ0

■ For more information, contact Gustav Venter at 021 808 9109 or gbventer@sun.ac.za



## *Book on soccer in Stellenbosch*

Stellenbosch University, in conjunction with the Stellenbosch Municipality, is finalising a book on soccer in Stellenbosch – in view of the World Cup Soccer Tournament. To make this a comprehensive and inclusive project anyone who has been involved in soccer in the town, is invited to contact either Hilton Biscombe (photo) on 021-887-6463 or Albert Grundlingh on 021-808-2177/2178. The authors are especially keen to talk to people in Kayamandi who have had or still have some connection with soccer.



## *Foosball at the Neelsie*

The MFM Foosball Tournament – part of Stellenbosch University's campaign to Support World Cup 2010 – was held on campus in October 2009. It provided both support for the World Cup and also highlighted football among Stellenbosch staff and students. The tournament ran over five days. Foosball tables, specially branded for the tournament, were brought here from Johannesburg.

## *Sokker in Cloetesville*



Huis ten Bosch reël sport- en danswerkwinkels vir leerders in Cloetesville. Dit rus die kinders ook toe met noodsaaklike lewensvaardighede soos spanwerk en toewyding. Die sportwerkwinkels is aanvaklik net op sokkervaardighede toegespits.




## *Vensters promotes World Cup awareness*

At this year's *Vensters*, as part of Rag in January, an awareness for the coming World Cup Tournament was also reflected in the décor for these imaginative shows (marked in a red square on this photo).



## *Football stars in Rag procession*

Football themes were used on most of the floats during Maties Rag in January. Here are the Maties football stars who took part in the floats procession to help promote an awarness for the coming World Cup Tournament.

# Human rights issues: Enhancing capacity

**The Unit for Human Rights Mainstreaming and Capacity Building – a partnership between Stellenbosch University (SU) and the Directorate: Social Dialogue and Human Rights in the Western Cape premier's department – was launched earlier this month.**

The first ten students who completed the unit's Human Rights Mainstreaming Course received certificates of competence at the event, at the Wallenberg Research Centre of the Stellenbosch Institute for Advanced Study (STIAS).

Prof Amanda Gouws (Department of Political Science) heads the unit. It is located in this department's Centre for International and Comparative Politics.

The unit's main aim is to enhance the capacity of government, private and civil society institutions through training and capacity building, applied research, organisational best practice support and advocacy – to mainstream a human rights based approach in its day-to-day practice, says Prof Gouws.

"Human rights mainstreaming refers to processes that ensure the inclusion of the concerns of vulnerable, marginalised and socially excluded groups in society – for example women, people with disabilities, children, youth and people with HIV/AIDS – in legislation and policy development, budgets, programmes and projects, employment and service provisions."

Ms Pethu Serote, a former director of the Gender Education and Training Network (GETNET) was the main speaker at the event. Ms Hannelie van Niekerk, director of The Western Cape Provincial Training Academy in Stellenbosch, delivered a message on behalf of the Western Cape premier's department.

The unit offers three programmes. The one in Human Rights Mainstreaming Techniques – the unit's flagship programme, launched in 2008 – focuses on building the hands-on technical expertise required for using mainstreaming as a technique.

The Leadership – Governance Programme for Rights-Based Service Delivery focuses on building the capacity of senior management and leadership to understand human rights mainstreaming within a service delivery context. The third programme is an introduction to Human Rights Mainstreaming.



Prof Amanda Gouws, who heads the Unit for Human Rights Mainstreaming and Capacity Building in the Department of Political Science, Prof Anthony Leysens, head of this department, and Ms Pethu Serote, an independent development consultant and the keynote speaker at the launch of the unit.




## *Naledi Pandor visits STIAS*

Minister Naledi Pandor and senior representatives of the Department of Science and Technology (DST) visited the Stellenbosch Institute for Advanced Study (STIAS) for discussions with its director, Prof Hendrik Geyer, members of the institute's research programme committee as well as present STIAS fellows. From left, during the visit, are Dr Gilbert Siko (director of science platforms), Minister Pandor, Prof Geyer and Ms Nasima Badsha (ministerial advisor).

The visitors acquainted themselves with the STIAS facilities and obtained first-hand information and impressions from the STIAS fellows. The minister expressed her appreciation of the institute's research programme – with its emphasis on multi-disciplinary projects.

She emphasised the importance of maintaining the independence of the "creative space for the mind" that STIAS provides and indicated that DST had initiated a process to evaluate support for the STIAS research programme.

# Spotlight on competitive manufacturing

For a fourth time, the International Conference on Competitive Manufacturing (COMA) in Stellenbosch attracted many delegates – also from abroad.

With Energy Efficiency as theme, the three-day conference aimed at presenting recent developments, research results and industrial experiences related to improved competitiveness in manufacturing.

Prof Dimitri Dimitrov was the conference chairperson, Prof Arnold van Zyl, Vice-Rector: Research, welcomed the delegates, and Germany's Ambassador Dieter Haller delivered the opening address – underlining the strong links between the German and South African research and industrial community.

Prof Gerald Byrne from Ireland, president of the International Academy of Production Engineering (CIRP), highlighted the conference's importance – and its alignment with CIRP's mission and vision, especially regarding the growth of young researchers.

In plenary sessions and keynote papers, a number of highly profiled researchers from around the world, and leading representatives of the South African industry and academia, shared with the audience their inspiring experience.




Professors Reimund Neugebauer, director of Fraunhofer IWU in Germany, Alfred Gossner, vice-president of Germany's Fraunhofer Society, Gerald Byrne, CIRP president, and Arnold van Zyl.

The conference, therefore, generated innovative ideas and fruitful cooperation between local and foreign delegates and students – and served as an opportunity for participants to exchange views in a large field of production engineering – including rapid product development, agile manufacturing, operations management as well as enterprise design and integration.

About 120 delegates attended. The University's departments of Industrial Engineering as well as Mechanical and Mechatronic Engineering organise it every three years. The worldwide participation and range of topics indicated that the conference is a significant event for those who pursue similar aims. Stellenbosch researchers have thus become part of the international research community in the broad field of production engineering.

# Mathematical Sciences has a number of reasons te celebrate



Ingrid Rewitzky



Barry Green



Sonia Woudberg



Stephan Wagner



Willem Visser



Helmut Prodinger



Morné Chamberlain

The Mathematical Sciences department – incorporating Applied Mathematics, Computer Science and Mathematics – has had a number of reasons to celebrate recently.

The new face at the helm, Prof Ingrid Rewitzky, is the first lady professor in Mathematics in the more than 140 years that this discipline has been part of the University.

She took over as executive head of Mathematical Sciences from Prof Barry Green – new director of AIMS, the African Institute for Mathematical Sciences in Muizenberg. SU seconds him there while he maintains a professorship and postgraduate commitment at SU.

Computer Science has reached full strength again with the appointment of Prof Willem Visser, who returned from the USA to chair Computer Science. Maintaining his USA links, Visser has a joint project with NASA Ames in California and Fujitsu Labs USA.

Three research awards brought honour to the department.

Prof Helmut Prodinger has been re-awarded a National Research Foundation A-rating for his outstanding research achievement, extensive publication record and world-wide research collaboration.

Special accolades have been bestowed on two young researchers, Prof Stephan Wagner and Ms Sonia Woudberg.

Woudberg, an applied mathematics lecturer, obtained $20 000 as a fellow for the L'Oreal-Unesco Sub-Saharan Africa Regional Fellowships – part of the international "For Women in Science" partnership of L'Oreal and Unesco.

She will complete her doctorate under the guidance of Prof Prieur du Plessis (Applied Mathematics). Her research could enhance the planning ability of industrial engineering projects such as water filtration units and power stations.

Prof Stephan Wagner will receive the Meiring Naudé Medal from the Royal Society of South Africa in September for his work in combinatorics, graph theory and number theory. This annual award celebrates the scientific achievement of scientists younger than 35.

The Austrian-born Prof Wagner (27) already has an enviable publication record, became associate professor in mathematics recently and is an organiser of the SA Mathematics Foundation's annual summer camp, for aspiring young learners, at SU.

In recognition for their teaching contributions, staff members Dr Karin Howell, Dr Andrew Fransman and Prof Johan de Villiers (Mathematics) as well as Mr Piet Crous (Applied Mathematics) were among 23 academics honoured – at the annual First Year Academy Prestige evening – as inspirational SU lecturers, nominated by the top first year students from all faculties.

A computer science student, Morné Chamberlain, was honoured as the Science faculty's top masters student for 2009. He works towards a PhD under the guidance of Prof Lynette van Zijl.

# Bibliotekarisse help studente nou nóg beter

Dertig jaar gelede is die biblioteek- en inligtingsberoep dalk gekies deur dié wat hou van lees en 'n rustige werkplek, maar in akademiese biblioteke is dit deedae hééltemal 'n ander storie.

Te danke aan die digitale rewolusie is die aanbieding van inligtingsgeletterdheidsprogramme – wat vaardighede in die gebruik van elektroniese biblioteekbronne aan studente oordra – aan die orde van die dag. Daar is geen sprake van rustigheid nie!

Maar ondanks die klem op tegnologie bly suksesvolle kommunikasie uiters belangrik en biblioteekopleiding is 'n kernprestasie-area van die US se fakulteitsbibliotekarisse, wat elke jaar sowat 16 000 studente en personeel oplei, tydens ongeveer 7 000 opleidingsgeleenthede.

'n Opleierskwalifikasie, "*In Tuition" Opleiding van Opleiers* – wat onlangs deur tien fakulteitsbibliotekarisse van die US se Biblioteek- en Inligtingsdiens suksesvol voltooi is – dien dus as beloning en erkenning vir die enorme opleidingstaak wat elke jaar hier verrig word.

Dié geakkrediteerde kursus is "*NQF* vlak 5" – wat verskeie praktiese sessies vir dié tien bibliotekarisse ingesluit het, asook die inhandiging van getuienisdokumentasie wat deel was van die assesseringsproses.

Die ontwikkeling van vaardighede om inligting op te spoor, te herwin, te evalueer en doeltreffend te gebruik, is 'n strategiese prioriteit van die Biblioteek- en Inligtingsdiens. Dit is ook aangewys as een van die US se OSP interne doelwitte waaraan daar nou gewerk word – die *Toegang tot Elektroniese Hulpbronne-projek* wat 'n elektroniese hulpbronsentrum en opleidingsfasiliteit behels.

Die visie is om 'n lewendige, kliëntgesentreerde leerfasiliteit te skep wat 'n integrale deel van alle Stellenbosse studente se akademiese lewens sal uitmaak – sodat hulle hier in 'n kwaliteitomgewing kan leer en werk en deur deskundige biblioteekpersoneel opgelei word.

Met dié opleierskwalifikasie is die fakulteitsbibliotekarisse slaggereed om die nuwe opleidingsfasiliteit in die toekoms te bedien.

– Delene Pretorius





Die tien fakulteitsbibliotekarisse wat as opleiers opgelei is. Bo van links (met die rigtings wat elkeen bedien) is Sarie Wilbers (Opvoedkunde), Pieter du Plessis (AgriWetenskappe), Hanlie Strydom (Ekonomiese en Bestuurswetenskappe), Naomi Visser (Lettere en Sosiale Wetenskappe), Elbie van Wyk (Natuurwetenskappe), Henriette Swart (Ekonomiese en Bestuurswetenskappe) en op die foto regs Marleen van Wyk (Lettere en Sosiale Wetenskappe), Melinda Heese (Regsgeleerdheid), Niel Hendriksz (Lettere en Sosiale Wetenskappe) en Yusuf Ras (Musiekbiblioteek).

# *NARGA kry nog 'n elektroniese klaskamer*

Berig en foto: Engela Duvenage

Die elektroniese lesingfasilteite vir dosente en studente in Natuurwetenskappe en AgriWetenskappe het vroeër vanjaar 'n aansienlike hupstoot gekry met die ingebruikneming van die NARGA G elektroniese lesingsaal.

NARGA G, op die Natuurwetenskappegebou se derde verdieping, het plek vir 88 studente. Die lokaal, met sy spoggerige rooi muur, is die grootste fasiliteit soos dié binne die NARGA-kader. Die ander vyf soortgelyke NARGA-lesingsale kan saam 224 studente akkommodeer.

Die nuwe elektroniese lesingsaal is ingerig weens die toenemende vraag na lokale wat groot genoeg is om – danksy rekenaars – groot groepe studente te onderrig, sê NARGA-bestuurder Ilse de Kock.

Elektroniese lesingsale word onder meer gebruik vir die aanbied van Rekenaarvaardigheid, Biometrie, Fisika, Biologie, Voedselwetenskap, Genetika, Toegepaste Wiskunde en Rekenaarwetenskap.

"Weens die druk op ons laboratoriumfasiliteite gebruik al hoe meer dosente ons elektroniese lesingsale vir tutoriale," vertel me De Kock. "Danksy die nodige sagteware kan dosente byvoorbeeld verskeie fisika-eksperimente op die rekenaar demonstreer. Ander gebruik dit vir DNA-werk."

'n Soortgelyke fasiliteit spesifiek vir die Wiskundige Wetenskappe gemeenskap sal teen 2011 ingerig wees.

Dosente wat die fasiliteite wil skeduleer vir die tweede semester, moet me De Kock voor Junie nader, by idk@sun.ac.za



Onder die eerste studente vir onderrig in NARGA G was BSc-student Kirsten Veldsman, hier by haar dosent in rekenaarvaardigheid, Hanlie Heroldt, en NARGA se bestuurder, Ilse de Kock.

# Wen 'n geldprys met jou foto

So gewoond aan jou departement dat jy skaars die gebou raaksien? Besef jy hoe indrukwekkend jou fakulteit se navorsing is? Dan is die Afdeling Navorsingsontwikkeling se fotokompetisie die antwoord – met groot prysgeld op die spel.

Studente in Lettere en Sosiale Wetenskappe, Opvoedkunde, Krygskunde, Teologie, Regsgeleerdheid en Ekonomiese en Bestuurswetenskappe kan foto's van hul fakulteite instuur – enige foto van 'n fakulteit se doen en late is welkom.

Daar is nie beperkings op die getal foto's wat 'n mens kan instuur nie. Foto's wat 'n ongewone en vars blik op dié fakulteite gee, is veral welkom. En die kompetisie is nie net vir professionele fotograwe met duur kameras nie – stuur selfs foto's wat met 'n mik-en-druk of selfoon geneem is! Maar dit móét ongepubliseerde foto's wees.

Die kompetisie skep 'n sterker bewustheid van navorsing in die Geestes- en Sosiale Wetenskappe – en die klem is dus veral op foto's wat navorsingsprojekte in 'n studie-omgewing weerspieël. By elke inskrywing moet daar 'n kort beskrywing wees van waaroor die foto gaan.

Die eerste prys is R2 000, die tweede R1 500 en die derde R1 000. Selfs al is joune nie onder die wenfoto's nie, kan dit dalk vir reklame gebruik word.

Sluitingstyd is 12:00 op 23 April 2010. Kry inskrywingsvorms – en stuur foto's, met 'n kort beskrywing – na THEOK@sun.ac.za

# Human Rights expert visits poverty project

Malcolm Langford, director of the Socio-Economic Rights Programme at the University of Oslo in Norway, visited the OSP project on Combating Poverty, Homelessness and Socio-Economic Vulnerability under the Constitution for two weeks.

Langford – previous director of the Human Rights and Development Research Group and an advisor to many UN treaty bodies such as the Office of the High Commissioner for Human Rights, UN-Habitat, the WHO and the Committee on Economic, Social and Cultural Rights – was the senior legal officer at the Centre on Housing Rights and Evictions (COHRE) during 2001-'06 and has been a visiting fellow at the universities of Mannheim and New South Wales.

He has published widely in the fields of law, economics and development and recently edited the book *Social Rights Jurisprudence: Emerging Trends in International and Comparative Law*, published with Cambridge University Press in 2008.

Langford presented three guest lectures at Stellenbosch – to the postgraduate students of the project on the judicial enforcement of socio-economic rights, the Millennium Development Goals, and methodology and interdisciplinary research.

His vast international experience and almost encyclopedic knowledge of human rights violations from around the world added tremendous depth to the discussions and showed the postgraduate students how important it is to keep abreast of international developments in their respective fields of research. Langford also worked with some of the postgraduate students individually on their research proposals.

He concluded his stay in Stellenbosch with a presentation on a case that concerns the alleged violation by the Mineral and Petroleum Resources Development Act 28 of 2002 of provisions in bilateral investment treaties that were concluded with South Africa by Italy, Belgium and Luxembourg.

– Gustav Muller

# ADVERTENSIES/CLASSIFIEDS

**TE KOOP / FOR SALE**

**Tazz for sale**: 2004 White Tazz with 100 000 km. Tel: 021 808 4633 or 082 979 4667.

**TE HUUR / TO LET**

**Strand:** Ruim 2-slaapkamer, 2-badkamer woonstel op Strandfront geleë. Panoramiese seeuitsig. Onmiddelik beskikbaar. Toesluitmotorhuis. Uitstekende sekuriteit. Tel: 021 853 6484 of 076 565 6251.

**Somerset-Wes:** Woonstel vir 1 persoon in veiligheidskompleks in stil area. Ongemeubileerd. Ruim slaapkamer met en suite badkamer, sit-/eetkamer en balkon met pragtige uitsig; kombuis, private ingang, veilige parkering, ADT. Nie-roker. Geen studente. R3100 per maand, water en elektrisiteit ingesluit. Skakel 021 855 4495 of 082 332 7220.

**VERBLYF / ACCOMMODATION**

**Hoopenburg:** Accommodation on wine estate 10 minutes outside Stellenbosch. Upmarket guesthouse. Secure and tranquil setting. R650 per double room and R400 single per night – breakfast included . Special weekly rates available. Dinner on request. Contact 021 884 4534 or e-mail bookings@hoopenburginfo.co.za

**Verblyf: Stellenbosch:** Selfversorgende akkommodasie in Jonkershoekweg. Maks. 3 persone, R130 p.p.p.dag. Heerlik, gesellig en absoluut privaat. Ideaal vir besoekende ouers. Kom kyk gerus self, of besoek www.121jonkershoekroad.co.za Kontak 021 883 3104 of rdk@sun.ac.za

**SAAMRYKLUB / LIFT CLUBS**

**Southern suburbs – Stellenbosch:** Lift needed Southern suburbs to Stellenbosch. Please contact L Rademeyer 021 887 3113 (office) or after-hours 021 797 9649, or email lr2@sun.ac.za.

**Somerset-Wes – Stellenbosch**: Persoon met eie motor word gesoek vir saamryklub. Ma-Vr 08:00 tot 13:00. Kontak Alma by 021 808 2117 of informa@sun.ac.za of Vanessa by 021 808 2500 of vs@sun.ac.za

**Brackenfell – Stellenbosch:** I want to join a lift club to and from Stellenbosch daily. I live in Vredekloof, Brackenfell. Please contact me at 021 808 9165.

**DIENSTE / SERVICES**

**Hoopenburg Conference Venue** on wine estate 10 minutes outside Stellenbosch. Max 15 people @ R250 pp all included. Accommodation available. Contact 021 884 4534 or e-mail bookings@hoopenburginfo.co.za

**Betroubare en flink Xhosa-huishulp** met goeie humorsin (Afrikaans baie goed magtig) soek "char"-werk vir twee dae per week op Stellenbosch, Somerset-Wes, Strand, Kuilsrivier of Bellville. Skakel Heloïse, huidige werkgewer die afgelope 15 jaar, by 021 851 6111 of e-pos hmdavis@mweb.co.za om met haar kontak te maak.




*Kampusnuus* verskyn, tensy ander gemeld, op die laaste Maandag van elke maand. Die sperdatum vir advertensies is die voorafgaande Maandag. Advertensies: Conita Henry, tel.: (021) 808-4633 of chenry@sun.ac.za
*Kampusnuus* appears on the last Monday of every month unless stated otherwise. The deadline for advertisements is the preceding Monday. Advertisements: Conita Henry, tel.: (021) 808-4633 or chenry@sun.ac.za

# Woordfees lok meeste kaartjieverkope nóg

**Vanjaar se US Woordfees het die meeste kaartjieverkope in sy bestaan van elf jaar opgelewer. "Dit wys daar's nog baie groei in dié fees – met 'n uitsonderlike sprong in getalle veral die afgelope twee jaar," sê prof Dorothea van Zyl, die Woordfeesdirekteur.**

"Mense begin die fees waarlik ontdek en ten volle na waarde skat," sê sy. "Die terugvoering oor die besonder groot en gevarieerde program is uitsonderlik goed."

Volgens Computicket-getalle in feestyd was kaartjieverkope toe al 16.4% meer as verlede jaar – 'n rekord, en 35% beter as in 2008. Sowat 28 Woordfees-aanbiedings was vooraf al uitverkoop. Die Woordfeesprojekbestuurder, Eduard Rosenstrauch, sê "vele produksies het ook by die deur uitverkoop."

Die skrywersfees met sowat 68 aanbiedings is, soos in die verlede, baie goed ondersteun, met die Sanlam Drama- en Musiekfees kort op die hakke. Daar was vanjaar 21 toneelproduksies om voorsiening te maak vir dié genre se gewildheid by studente en die publiek.

Produksies waarvoor die Woordfeeskantoor vir kaartjies oorval is, was *My Sarie Marais*, Deon Opperman se trefferdrama, en die musiekkonsert deur Chris Chameleon en Jan Blohm.

Op die skrywersprogram het die André P. Brink-profiel en die gesprek deur Uys Krige se familielede 'n stormloop by deure veroorsaak. Annelie Botes en Karin Brynard het ook groot aftrek gekry.

Die WOW-projek, die Woordfees se taalbemagtigingsinisiatief, wat elke jaar sowat 17 000 leerders en opvoeders van Weskaapse skole bereik, bring Afrikaanse skrywers terug klaskamer toe. Skrywers en digters soos Deon Meyer, EKM Dido, Lina Spies en Peter Snyders gooi hul volle gewig in en besoek skole saam met Fiona van Kerwel en Shireen Crotz, wat die WOW-leisels saam met Dorothea van Zyl vashou.

Op 'n Saterdag was daar sowat 1 700 leerders en onderwysers by 'n WOW-dag, joernalistiekwerkswinkel, Woelige Woorde-slypskool en Onderwysersforum. Die gaste – onder wie Oubaas en Hilda van Sewende Laan asook rugbypersoonlikhede Peter de Villiers en Breyton Paulse – is geesdriftig verwelkom. Talle mense was ook by die Mardi Gras op die Braak en die Stellenbosch Karnaval op die Van der Stel Sportterrein.



Tannie Evita Bezuidenhout teken 'n eksemplaar van haar kookboek, *Kossie Sikelela*, vir 'n bewonderaar.



Hennie Rudman

# Departement Musiek vier R1 miljoen se nuwe klaviere

**Die derde Stellenbosse Internasionale Klaviersimposium was weer 'n uitsonderlike saamtrek van die voorste Suid-Afrikaanse pianiste saam met buitelandse toppianiste vir vyf dae se lesse, lesings en uitvoerings aan deelnemers van oral in die land.**

'n Groot getal waarnemers het vanjaar se simposium gekenmerk – mense uit die publiek wat saam met klavierstudente die wye verskeidenheid meestersklasse en ander aanbiedings bedags bywoon het om musiekvaardigheid en kennisuitruil te beleef. Saans is klavieruitvoerings uit die boonste rakke aangebied.

Die Klavier Extravaganza, Dinsdagaand 23 Maart, was volgens prof Winfried Lüdemann, voorsitter van die Departement Musiek 'n "skouspelagtige verrassing op die program – iets wat nog nie voorheen in Suid-Afrika beleef is nie."

Dié ekstra viering tydens vanjaar se program, vertel prof Nina Schumann, hoof van die Departement se klavierafdeling, was 'n geleentheid van 'n leeftyd en het ook gedien as die amptelike ingebruikneming van 20 nuwe klaviere ten bedrae van R1 miljoen wat die US deur 'n uitsonderlike vennootskapprogram met Yamaha-klaviere kon koop. Dit sluit 'n aantal klein vleuelklaviere in, asook regop oefenklaviere – wat van die Departement se ouer instrumente vervang.

Die Extravaganza-program het afgesluit met 'n ongelooflike tien vleuelklaviere wat gelyk op die Endlersaal-verhoog bespeel is vir 'n klavierweergawe van Tsjaikofski se 1812-overture. Agt van die nuwe vleuelklaviere is gebruik saam met die Endlersaal se twee Bösendorfer-konsertvleuels – gesogte instrumente wat enkele jare gelede aan die department geskenk is.

Die nuwe Yamahas was natuurlik nie ontuis in sulke deurlugtige geselskap nie – want die beroemde Bösendorfer-klavierfabriek in Wene, Oostenryk, behoort nou aan Yamaha van Japan.

# *Onthaal weer hoogtepunt vir MatiesAlumni*

Die jaarlikse Woordfees-gesellingheid was weer 'n hoogtepunt op die MatiesAlumni- kalender. Sowat 400 MatiesAlumni was by 'n opvoering van Deon Opperman se drama *My Sarie Marais,* 'n sterproduksie op vanjaar se Woordfees op Stellenbosch.

Die gesellingheid vir alumni by die Woordfees is nou 'n hoogtepunt," sê me Heidi October, Koördineerder: Alumni-verhoudingsbou. "Die Alumni-kantoor ondersteun graag die Woordfees – veral deur alumni aan te moedig om ook 'die krag van woorde te vier' deur in gesprek met ons te bly en hul insette te gee oor die Universiteit se toekomsplanne."

As geleentheidspreker het prof Magda Fourie, Viserektor: Onderrig, gesê MatiesAlumni is belangrike ambassadeurs vir die Universiteit – en moet dus deelneem aan die verskeidenheid gespreksgeleenthede wat die US bied. Vanjaar se Woordfees-tema, Baljaar, geld nie net vir sokker nie, maar ook vir die vele US-aktiwiteite, waar 'n "verskeidenheid balle nou in die lug gehou word," het sy gesê.

Sy het veral verwys na 'n belangrike afdeling van die Woordfees, die WOW-projek (Woorde Open Wêrelde). Dit geniet vlagskipstatus vir gemeenskapsinteraksie by die US – en kweek jaarliks 'n liefde vir die letterkunde by duisende kinders in agtergeblewe gemeenskappe.

Oor die US se Pedagogie van Hoop het sy gesê die US wil deur sy opleiding, onderrig en navorsing oplossings bring vir onder meer armoede, omgewingsvolhoubaarheid en voedselsekuriteit. "Die inkoop van alumni is kernbelangrik hiervoor."

# *Loyalty, friendship and the realities of life*



An exciting, new musical version of *Charlotte's Web* brings a new dimension to EB White's beloved classic – to be presented at the HB Thom Theatre on 17 and 19-24 April by the Drama Department.

This production is by special arrangement with The Dramatic Publishing Company of Woodstock Illinois. Joseph Robinette, national award-winning children's playwright, has adapted the musical.

The music and lyrics by Charles Strouse include *Annie* as well *as 'Bye, 'Bye Birdie* and *Eating*, Wilbur the pig's humorous yet poignant song about growing up, *Who Says We Can't Be Friends*, is an enchanting duet between Wilbur and his newfound companion, Charlotte.

*Welcome to the Zuckerman Barn* features all the story's unforgettable animals in a hand-clapping, toe-tapping hoedown. And *Summer*, a haunting, nostalgic chorus number, evokes a time and place from everyone's childhood.

Directed by Mareli Hattingh (*Hansie en Grietjie,* 2005; *Aspoestertjie,* 2007; and *Sneeuwitjie,* 2009) and choreographed by Estelle Olivier, this joyous musical will offer a very special experience.

White's classic tale of loyalty, friendship and dealing with the realities of life begins early on a spring morning in the Arable kitchen. Eight year-old Fern Arable learns that her father is heading out to do away with a tiny pig that was born the night before and she quickly tries to correct this horrible injustice.

After much discussion, young Fern convinces her father to spare the runt's life, and he allows her to take upon herself the responsibility for raising it. This is how the young pig, Wilbur, begins his life's adventure.

Soon, though he and Fern spend many idyllic days as faux mother and baby, Wilbur must leave...

Be a part of Wilbur's journey at the HB Thom Theatre. There will be two shows a day: Monday to Friday at 10:30 and 15:30, and on Saturdays at 10:30 and 18:00 – at R40 for adults, R30 for students/children and R25 for block bookings (ten or more people). Contact Schalk van der Merwe at the Department of Drama for further information, at telephone 021 808 3216, fax 021 808 3086 or schalkw@sun.ac.za or visit www.sun.ac.za/drama


# Pianis bied intreerede aan



Anton Jordaan

Prof Nina Schumann (middel) het onlangs haar intreerede as professor in die Departement Musiek op 'n besonderse manier aangebied – met 'n klavieruitvoering in die Endlersaal as deel van die Konservatorium se 2010-konsertreeks. Die intreerede, oor *Skepping in uitvoering en die akademiese aanvaarding daarvan*, is nie voorgedra nie, maar slegs in 'n gedrukte weergawe by die konsert beskikbaar gestel. Sy is hier by dié geleentheid saam met proff Johann Hattingh, Visedekaan: Sosiale Wetenskappe, en Magda Fourie, Viserektor: Onderrig.

## BOEKE / BOOKS






### FOCUS ON FIRST-YEAR SUCCESS

Editors: Brenda Leibowitz, Antoinette van der Merwe, Susan van Schalkwyk

The importance of the first year experience is now well recognised. This collection of papers makes a fascinating and important contribution to our understanding of students' transition to higher education.This is a scholarly, engaging and illuminating text, that is relevant not only in the context of South Africa but for anyone interested in student learning in the first year of university education. *– David Gosling, Plymouth University (USA)*

The book will have immense value for all curriculum and teaching and learning specialists in higher education, those based in national agencies, in the centralised teaching and learning-related units of universities, and in particular faculties, departments and developmental projects.

*– Terry Volbrecht, Cape Peninsula University of Technology (South Africa)*





### HIGHER EDUCATION IN SOUTH AFRICA

Editor: Eli Bitzer

*Higher Education in South Africa* should be of considerable interest to higher education researchers outside of South Africa, as well as within, for the general and comparative assessments it makes. The South African higher education researchers included within its covers have clearly engaged with research and writing from many parts of the world, which they have then applied to make sense of their own condition.

*– Malcolm Tight, Lancaster University (UK)*

The book should attract the interest both of scholars of comparative higher education more generally and of specialists in the analysis of South African higher education in its social and political context. *Hans Weiler, Stanford University (USA)*

These titles are available from African SUNMeDIA Pty (Ltd)

www.africansunmedia.co.za www.sun-e-shop.co.za africansunmedia@sun.ac.za (021) 808 2401 (021) 808 2626



# Ooievaar besig oorkant die rivier

Die ooievaar was die afgelope tyd dikwels by Coetzenburg. Vier Sportburo-manne het pa geword. Hier – met die nuwe babas – is hokkie-afrigter Kurt Cerfontyn, sy vrou, Lezil, en klein Kiera (links onder); Ilse le Roux met Garcelle by pa Garth, die sokkerbestuurder (middel onder); krieket-afrigter Warren Kirsten se vrou, Robyn, met baba Emma (regs onder) en rugby-afrigter Chean Roux met sy seuntjie, Chris Jurian (regs bo).












# Bokafrigter tree op by Woordpret

Springbokafrigter Peter de Villiers was die spreker by die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT) se eerste Woordpret vanjaar. Erns en luim het mekaar afgewissel toe hy oor sy liefde vir Afrikaans, geloofsoortuigings, rugbyfilosofie en ook sy ervarings as afrigter van die Bokke gepraat het. De Villiers is hier by Willem Botha, die WAT se hoofredakteur en uitvoerende direkteur, en Theuns Stofberg, 'n oud-Springbokkaptein.

# *Sertifikaat vir program in geletterdheid*



Linda Jacobs (regs), programbestuurder van Matie Gemeenskapsdiens (MGD) se Geletterdheidsprogram, en Lynette Carstens, 'n programfasiliteerder, by die Weskaapse onderwysminister, Donald Grant (middel), wat 'n meriete-sertifikaat aan MGD oorhandig het – vir akademiese voortreflikheid in aanvullende gesondheidsorg vir 2009.

Klasse word aangebied vanaf vlak 1 (beginners) tot vlak 4 (graad 9). Die sertifikaat is toegeken vir die vlak 4-leerders se eksamenprestasie in aanvullende gesondheidsorg – die eerste keer dat daar in dié vak eksamen geskryf is, met Lynette as fasiliteerder.

Altesaam 180 mense het verlede jaar vir dié geletterdheidsprogram ingeskryf. Nadat MGD se Geletterdheidsentrum in 2009 as die beste in die land aangewys is, het die geesdrif hiervoor verder toeneem. 'n Rekordgetal leerders skryf nou hiervoor in.

Met hul verhoogde kwalifikasies kon verskeie leerders al werksbevordering kry. Mense wil só hul vaardighede verbeter – en is trots en selfs verwonderd oor wat hulle bereik. Hul gesinslede het ook groot waardering vir dié prestasies. Die holistiese opleiding sluit lewensvaardighede in.

**Die volgende uitgawe van *Kampusnuus* verskyn op 26 April 2010**

**Wnd. Redakteur:** Hans Oothuizen
**Bladontwerp:** Heloïse Davis **Drukwerk:** Shumani Printers
**Advertensies:** Conita Henry, tel: 808 4632, e-pos: chenry@sun.ac.za
**Redaksionele bydraes aan:** Die Redakteur, Admin B-gebou,
tel: (021) 808 4851, faks: (021) 808 3800 e-pos: kampusnuus@sun.ac.za

UNIVERSITEIT STELLENBOSCH UNIVERSITY

Berigte deur Wentzel Barnard




Thomas Micklem

# Vyf wys hul slag in Argus-fietswedren met

## *109 km se 'trap' met hul hande!*

Vir vyf handfietsryers van die klub Maties-Helderberg het verskeie maande se oefening opgebou na Sondag 14 Maart – die jaarlikse Argus-fietswedren oor 109 km. Met die wind wat nie so sterk soos verlede jaar gewaai het nie, kon die die meeste van dié klub se deelnemers hul 2009-tye verbeter. Ernst van Dyk het die wedren vir handfietsryers die vierde keer gewen, met 'n baie tevrede Stuart McCreadie tweede, Kenny Harriet (van Skotland) derde, Andrew Stoedel (vierde), Eugene Steyn (sesde) en die klub se voorsitter, Thomas Micklem, in die sewende plek.




Fanie van der Merwe

# Rekordhouer behaal nóg een in Dubai

Fanie van der Merwe (in die middel op die foto), 'n lid van die Maties-Helderberg klub, is weer genooi om in Dubai aan die tweede Faaza Internasionale Atletiekkompetisie vir Persone met Gestremdhede te gaan deelneem. Hy het in 2009 al daar uitgeblink, maar vanjaar selfs nog beter gevaar. Nadat hy in die 100m in sy klas, T37, geklop is, het hy gewys waartoe hy in staat is deur die 200m in 23.19s te wen. Dié tyd wag nou op erkenning as 'n nuwe rekord vir Fanie – want hy het die vorige rekord van 23,81s by die Paralimpiese Spele in 2008 in Beijin opgestel.



Robyn Kime

# Kanovaart se topvrou doen dit wéér

Robyn Kime (foto), die Maties se voorste vrouekanovaarder, het vroeg vanjaar al die Duzi-kanomarathon gewen – en daarmee gewys sy kan nou moeilik geklop word. Sy het dié sukses opgevolg met 'n tweede plek (K1-afdeling) in die Global Trader Drak Challenge wat in die tweede week in Maart in die Drakensberge gehou is. Met reën twee dae voor die wedvaart se begin, het 'n hoër watervlak dinge vir die Kapenaars 'n bietjie makliker gemaak, hoewel al drie die Maties wat deelgeneem het, teenspoed gehad het – van 'n paar swemme tot gebreekte spane. Pierre-Andre Rabie en Mike Owen, die twee Maties wat die klub in die mansafdeling verteenwoordig het, het onderskeidelik 17de en 280ste klaargemaak.